



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
VIRTUEEL GEHOU OP WOENSDAG, 24 JUNIE 2020 OM 12:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdd M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. SAKE VIR BESPREKING

**3.1 WYSIGING AAN DIE 2019/2020 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-
IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) 2/4/2**

Die SDBIP vir die 2019/2020 finansiële jaar is op 19 Junie 2019 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur.

Na aanleiding van die goedkeuring van die 2019/2020 Aansuiweringsbegroting in Januarie 2020 is wysigings aan die SDBIP op 19 Februarie 2020 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur.

Die Spesiale Aansuiweringsbegroting wat op 15 Junie 2020 deur die Raad goedgekeur is aangaande uitgawes wat deur die COVID-19 pandemie meegebring is, noodsaak 'n verdere wysiging aan die 2019/2020 SDBIP.

Besluit/...

3.1/...

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2019/2020 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

3.2 2019/2020 REKENKUNDIGE BELEID (5/1/B)

Die Raad se Rekeningkundige Beleid moet op 'n jaarlikse basis hersien word. Sodoende word verseker dat enige nuwe of hersiende standaarde van GRAP en enige veranderinge in die beleid ten opsigte van die rekeningkundige hantering van sekere transaksies in die Finansiële State toepaslik aangeteken of geopenbaar word.

Die voorsitter versoek die Direkteur: Finansiële Dienste om die wysigings aan die beleid te behandel. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die omvang en kompleksiteit van die GRAP-standaarde die noodsaaklikheid van die onlangse aanstelling van 'n GRAP-spesialis bevestig.

BESLUIT

Dat die Rekeningkundige Beleid vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur word.

3.3 STAND VAN AFSKRYF VAN VERLORE, Vernietigde en Bates Verkoop op Veiling as Skroot Soos op 30 Junie 2020 ten doel om dit van die Bateregister te verwyder (6/1/3)

Met die jaarlikse bateopname van roerende bates wat vanaf Februarie 2020 onderneem is, is 'n totaal van 7068 bates nagegaan. Daar kon egter 19 items (0.27% van totale bates) ingevolge die bateregister nie opgespoor word nie, waarvan die redes volledig toegelig word in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen vir die afskrywing van die bates op die aangehegte lys ten bedrae van R5090.96 en dat die bates dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word vir doeleindes van volledigheid van die Munisipaliteit se rekords soos op 30 Junie 2020.

3.4 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATE REGISTER TE VERWYDER MET BETREKKING TOT VERSEKERINGSEISE TOT 19 JUNIE 2020 (15/4/B, 6/1/3)

Die instandhouding van die bateregister word ingevolge Artikel 63 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 vereis. 'n Lys van bates wat afgeskryf kan word met betrekking tot versekeringseise en gevolglik van die bateregister verwyder kan word, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die bates op die aangehegte lys ten bedrae van R14 595.29 afgeskryf word en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**